

### **Sing vooraf staande: Psalm 36:2, 3 (p. 179)**

- 2 U goedheid, HEER, is hemelhoog; / u waarheid tot die wolkeboog; / u reg sal nooit begewe,  
maar staan soos berge, vas van voet; / u oordeel is 'n diepe vloed; / U sorg vir al wat lewe.  
Hoe kost'lik is u guns, o God! / Hoe vlug die mensekinders tot / u vleuels vir beskerming!  
Hul smaak die vette van u huis; / U laaf hul uit 'n stroom wat bruis / uit dieptes van ontferming.
- 3 Van al wat leef, is U die bron; / van alle lig, die ewige son / wat afstraal in ons oë.  
HEER, laat u reg en goedheid wees / oor wie opreg u ken en vrees / en steun op u vermoë:  
laat trotse voet my nooit vertrap, / nóg bouse hand in ballingskap / my dwing om rond te swerwel!  
Daar val die werkers van die kwaad / vir altyd in 'n jammerstaat / waarin hul magt'loos sterwe.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

### **Lofpsalm 150:1, 3 (p. 719)**

- 1 Loof God, loof sy Naam alom! / Loof Hom in sy heiligdom!  
Loof die HEER se grote mag / in die hemel van sy krag!  
Loof Hom om sy moëdhede, / om die menigvuldigheid  
van sy mag en majesteit, voor sy troon en hier benede.
- 3 Loof God – dit is sy bevel – / met die helder simbelspell!  
Loof Hom met die klinkmetaal / van die vrolike simbaal!  
Loof die HEER en gee Hom ere – / al wat kruip en roer en sweef,  
al wat asem het en leef! / Halleluja, loof die HERE!

### **Geloofsbelydenis: Apostolicum**

**Wet**

### **Psalm 25:2, 6 (p. 115)**

- 2 Leer my, HEER, u regte weë, / wys die regte pad my aan;  
maak my hart daartoe geneë, / om met lus daarop te gaan.  
Wil my deur u waarheid leer, / lei my dwalende gedagte;  
want u is my heil, o HEER! / U is ek altyd te wagte.
- 6 Wie's die man wat hier benede / in Gods vrees sy weg wil gaan?  
God sal self sy wank'le skrede / voortlei in die regte baan.  
Al wat goed is, sal Gods hand / hom in stilheid laat verwerwe;  
en die lank beloofde land / sal sy nageslag beërwe.

**Gebed**

### **Psalm 121:1, 2 (p. 608)**

- 1 Ek hef my oë bergwaarts heen / en staar die ure òm,  
tot my verlossing kom. / My hulp is van die HEER alleen.  
Hy, oor my lot bewoë, / is eind'loos in vermoë.
- 2 Bedreig gevaar jou reispad ooit – / Hy is dit wat jou voet  
vir wankeling behoed. / Hy, Isr'els wagter, sluimer nooit.  
Die HEER is jou ontfermer, / jou skadu en beskermmer.

**Skriflesing: Psalm 121**

**Kernverse: Psalm 121:2, 4**

**My hulp is van die HERE wat hemel en aarde gemaak het.**

**Kyk, die Bewaarder van Israel sluimer of slaap nie.**

(Psalm 121:2, 4 AFR53)

## Tema: Die Vader van ons Here Jesus is ook jou Beskermer

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, 'n nuwe jaar met nuwe uitdagings het aangebreek. Party van ons het uitgesien na hierdie jaar, veral die kinders wat vir die eerste maal skool toe gaan of wat vir die laaste jaar skool toe gaan. Ander betree hierdie jaar nie met soveel moed nie omdat ons nie weet wat vir ons voorlê nie, of juis omdat ons weet wat vir ons voorlê.

Die digter van hierdie baie bekende psalm het ook met huiwering gestaan en vra:

**Waar sal my hulp vandaan kom? (Psalm 121:1 AFR53)**

Psalm 121 is die tweede van vyftien psalms wat bekend staan as bedevaartsliedere of pelgrimsliedere. 'n Bedevaart is 'n reis wat 'n gelowige na 'n aanbiddingsplek of terug van 'n aanbiddingsplek aanpak. En iemand wat so 'n bedevaart onderneem word 'n pelgrim genoem. Die gelowiges in die Ou-Testamentiese tyd het met die jaarlikse feeste, soos die pasga of groot versoendag, graag so 'n bedevaart na Jerusalem onderneem. Hierdie digter is op die punt om te vertrek. En van waar hy staan, sien hy die berge voor hom waardeur die pad kronkel waarop hy moet loop. Toe hy gesê het: **Ek slaan my oë op na berge, waar sal hulp vandaan kom?** kon hy negatief of positief na die berge gekyk het.

Negatief kon hy bedoel het dat daar in die berge gevare kan wees. Diewe en skelms kan daar in die klowe wegkruip en wag vir onskuldige reisigers wat daar verbykom om hulle aan te val en te beroof. Diegene van ons wat huiwerig aan die begin van hierdie nuwe jaar staan, kan ook so 'n negatiewe uitkyk op die jaar hê. Ons weet nie watter ongelukkighede en moeilikhede op ons wag nie. Of miskien weet jy van 'n moeilike taak wat op jou wag om hierdie jaar aan te pak, maar dit lê soos 'n berg voor jou – steil en hoog – en jy sien amper nie kans daarvoor nie. Of miskien het daar moeilikhede nog van die ou jaar saamgekom die nuwe jaar in. Langer kan daar nie meer uitgestel word nie. Jy weet dat hierdie moeilike taak hanteer moet word. Met 'n beklemming om die hart kan 'n mens dan ook vra: Waar sal my hulp vandaan kom?

Berge was egter in die ou dae nie net iets wat met vrees aangekyk is nie. Vir baie mense was die berge ook iets positief. In die ou tye het mense dikwels na berge toe gevlug as hulle dorp aan die voet van die berg aangeval is. Daar in die berg het hulle dan skuilplek gehad totdat die gevaar verby was. Sommige mense het in die ou tye selfs hulle dorpe in die berge gebou, want dit is te moeilik om deur die vyand aangeval te word.

Ons kan aan die begin van die jaar ook vir onself sulke berge identifiseer – dinge of plekke waar ons veilig kan wees. Met my goeie en gesonde verstand sal ek hierdie skooljaar aanpak en daarvan 'n sukses maak, kan ons kinders redeneer. Met my goeie werk en goeie gesondheid sal ek goed deur hierdie jaar kan kom. Ek gaan alles in my vermoë doen om vir myself 'n goeie toekoms te verseker. Ek sal my eie heil en geluk uitwerk; ek het niemand nodig nie. Iemand wat so redeneer, het vir homself 'n berg geword waarop hy sy vertrouwe stel. Hy sê ek kan en ek sal 'n sukses maak, kom wat wil. Ons kan selfs ander mense of ander dinge, buiten ons werk en geld, as sulke veilige plekke sien. Die mense wat so selfversekerd aan die begin van die jaar is, kyk ook vorentoe en sien hierdie berge van hulle voor hulle. En hulle vra nie, maar sê: Dáár sal my hulp vandaan kom.

Broers, susters en kinders, hoe ek en jy ook al na die jaar voor ons kyk, of ons nou bang of selfversekerd is, maak nie saak nie. Die Heilige Gees het vir elkeen van ons iets te sê. Met die mond van die psalmdigter sê die Heilige Gees vir ons om te doen wat hierdie pelgrim gedoen het. Hy het verby die moontlike gevare wat daar in die berge kan weg-

kruip, gekyk en hy kyk bo-oor die oënskynlike veiligheid wat daar in die berge is, na Hom wat die berge gemaak het. En hierdie pelgrim kon aan die begin van sy lang reis met vertroue uitroep:

**My hulp is van die HERE wat hemel en aarde gemaak het.** (Psalm 121:2 AFR53)

Staan ons huiwerig en bang aan die begin van die jaar, dan vertroos die Heilige Gees ons met hierdie uitroep. Hy troos en sê: Kyk, ook jou hulp kom van die HERE wat hemel en aarde gemaak het. En vir ons wat selfversekerd na ons eie berge kyk, vermaan die Heilige Gees en sê: Kyk, jou hulp kom van die HERE wat hemel en aarde gemaak het.

Ons, wat so min vertroue het, en ons, wat so baie op ons eie vermoëns vertrou, kan nou vra hoe hierdie pelgrim seker kon wees dat sy hulp van die Here af kom. Dan sê die Heilige Gees, maar kyk hoe noem hy die HERE. Hierdie pelgrim weet dat die HERE wat hemel en aarde gemaak het ook die God is wat Homself met sy verbond aan die reisiger verbind het.

Teen dié tyd weet ons mos al wat die verbond van die Here beteken. Maar kom ons roep dit net weer in herinnering. In die verbond wat die Here met die mense gesluit het, het Hy belowe om die mens se God te wees. Daarmee belowe Hy om die mens te beskerm en veilig te bewaar. Hy belowe selfs om die kwaad van die mens af te weer of tot sy beswil te beskik. En aangesien die Here self hierdie belofte gemaak het en Homself aan die mense verbind het, staan Hy ook in vir die veiligheid van sy mense. Die Here het dit op Homself geneem om sy mense te beskerm.

Al het die Here engele aangestel om sy kinders veilig te hou en al is daar engele vir elke kind van die Here, beteken dit nog nie dat die Here Homself nou van sy eie werk onthef het nie. Ons almagtige God van hemel en aarde hou nooit op om self te doen wat Hy gesê het Hy sal doen nie. Sy eie woord is immers op die spel. Hy self het belowe om sy kinders te beskerm, daarom sal Hy dit ook doen.

En wat nog meer vertroostend duidelik word uit hierdie psalm is dat die Here nie net so in die groot bondel sy kinders beskerm nie. Die Heilige Gees verseker ons dat die Here ook persoonlik betrokke is by elke lieve kind van Hom. Dieselfde wysheid en krag en beloftes wat die Here aan sy hele volk toesê om hulle veilig te bewaar, is tot die beskikking van elke gelowige afsonderlik. Kyk weer na vers 4 en 5. In vers 4 word gesê:

**Kyk, die Bewaarder van Israel sluimer of slaap nie.** (Psalm 121:4 AFR53)

En in vers 5 word gesê:

**Die HERE is jou Bewaarder.** (Psalm 121:5a AFR53)

Dink net daaraan: Dieselfde groot en sterk hand van God wat die see voor Israel oopgeklou en hulle droogvoets deur die Rooi See gelei het terwyl Hy die Egiptenaars met sy hand teruggehou het sodat hulle in hulle woede nie nader aan die Israëliete kon kom nie, daardie selfde groot en sterk hand is tot jou persoonlike beskikking. Die Here belowe sy nabyheid aan elkeen van sy kinders sodat hulle in die skaduwee van sy regterhand mag skuil. Die goeie herder van die hele trop skape is ook die goeie herder van elke skaap en Hy sal sorg dra dat nie een nie, nie eens die ou heel kleintjies, verlore gaan nie.

Om jou en my so op te pas en veilig te hou, maak die Here nie moeg nie. Ons mense raak uitgeput, want om aanhoudend weerstand te bied en in die lewe aanhoudend opdraand te beweeg is nie maklik nie. Aangesien ons uitgeput en moeg word, moet ons nooit dink dat dit ook met ons Here gebeur nie. Die heidene het van hulle afgode gedink soos

van mense. Elia het op die berg Karmel selfs met die priesters van Baäl gespot toe hy vir hulle gesê het:

**Roep hard; hy is mos 'n god! Hy is seker in gepeins, of hy het hom seker afgesonder, of hy is seker op reis; miskien slaap hy en moet wakker word.**

(1 Konings 18:27 AFR53).

Ons God is die Heilige van Israel. Hy slaap nie. Hy sluimer nie eers in nie. Selfs in die nag, wanneer ons nie meer die krag het om waaksaam te bly nie, hou die Here steeds wag oor ons. En wanneer ons in die oggend wakker word, is Hy steeds waaksaam oor ons. Daarom kan elkeen tot in hulle hoë ouderdom verseker wees van die Here se beskerming. En het ons nie hier by ons die getuienis van die Here se troue beskerming nie? Broers en susters, van ons wat al ver gevorder het in hulle jare word dag vir dag so deur die Here beskerm dat hulle nog elke Sondag hier saam met ons kan aanbid. Kyk net hoe getrou is ons Bewaarder. Hy skenk nog elke dag opnuut krag sodat elkeen van ons – oud en jonk – Hom kan bly dien.

Tog is daar seker sommige van ons wat kan terugkyk op hulle lewens en tye onthou waarin dit regtig gevoel het asof hulle alleen in die nood was. Miskien beleef jy tans so 'n tydperk in jou lewe asof dit vir jou voel of die Here ingesluimer het, want daar kom dan geen verandering aan jou omstandighede nie. Jy bid en smee, maar die uitkoms wil net nie aanbreek nie. Tog hoor ons hierdie belofte dat die HERE ons Bewaarder is en Hy sluimer of slaap nooit nie. Vanoggend wil die Heilige Gees jou daarvan verseker dat dit werklik so is.

Dit is immers in Jesus Christus dat ons kan sien hoe intens persoonlik die HERE wat hemel en aarde gemaak het, Hom met jou en my bemoei. God het sy eie Seun uit die hemel na die aarde toe gestuur om ons van die begin van alle nood en swaarkry te verlos. By Golgota het dit vir baie omstanders ook gelyk asof God ingesluimer het terwyl Jesus en sy dissipels in die grootse nood verkeer het. Tog was God wakker en was Hy verlossend aan die werk vir sy kinders. Juis deurdadig dat Jesus die ergste smart en pyn aan sy liggaam en siel beleef het, het God Homself deur Jesus met ons versoen. Sy liefde vir jou en my is so lewendig dat Hy juis sy Seun die straf op die sonde laat dra sodat ek en jy veilig mag wees. In sy Seun staan God self in vir ons veiligheid.

Dink nou weer terug aan daardie kere toe jy in so 'n groot nood was en dit vir jou gevoel het of die Here ingesluimer het. Uit daardie nood het Hy jou gered soos wat Hy by Golgota ook gedoen het. Hy red soms nadat 'n mens al klaar in die kloue van ondergang is. Dit is soos toe Jesus uit die dood uit opgestaan het. Nou vra jy, wat nou in so 'n erge nood verkeer, hoekom doen die Here dit so? Kan Hy nie maar red voordat die nood toeslaan nie? Ons moet egter altyd onthou dat alles wat die Here doen, Hy ter wille van die eer van sy heilige Naam doen. Ons leef immers ook om God met ons hele lewe te eer. Wanneer dit vir alles en almal, ook vir onself, onmoontlik lyk om uit die nood gered te word, dan red God. Op hierdie wyse sorg die Here dat sy Naam geheilig word en dat daar aan Hom die meeste eer gebring word. Hy wil ons en die hele wêreld laat sien dat dit Hy is wat red en niemand anders nie.

Vir ons vir wie die nuwe jaar soos 'n berg voorlê weens al die moeilikhede waarvan ons weet of wat ons vermoed, sê die Heilige Gees weer: Jou hulp kom van die Here wat hemel en aarde gemaak het. En vir ons wat ons eie kamptige veilige berge het waarheen ons wil vlug, sê die Heilige Gees ook: Jou hulp kom van die Here wat hemel en aarde gemaak het.

Dit verg inderdaad onwrikbare vertroue en volharding van ons om so onbekommerd ons vertroue op die Here te stel. Of ons nou ons eie veilige plekke het waarheen ons kan vlug of geen veilige plek het nie, as gelowiges moet ons die jaar aandurf soos pelgrims. Ons sien die gevare voor ons, maar ons staar ons nie blind daarteen nie. Ons durf die jaar aan met vertroue in die Here, want ons hulp kom van Hom af.

En omdat ons gelowiges is wat ons vertroue in die Here stel, is ons juis aan gevare en teëspoed blootgestel. Maar omdat ons met vertroue in die Here die jaar gaan aanpak, wys ons dat ons uit die opstandingskrag van Jesus Christus lewe. Die Heilige Gees werk hierdie krag elke dag in ons. Deur hierdie krag bring die Heilige Gees ons juis daartoe om ons vertroue in die Here te stel, selfs al is ons die grootste twyfelaars in onself.

Kom ons kyk almal verby die gevare wat die nuwe jaar inhou, en verby die oënskynlik veilige plekke in hierdie jaar, na die HERE by wie ons hulp is.

**Amen!**

Slotgebed

Psalm 121:3, 4 (p. 608)

- 3 Die son wat bo jou trekpad staan, / sal jou nie steek by dag;  
die maan ook nie by nag. / Die HEER sal met jou samegaan.  
Hy, Israels ontfermer, / is altyd jou beskermmer.
- 4 Die HEER sal jou bly gadeslaan; / in onheil en gevaar  
sal Hy jou siel bewaar. / Wanneer jy uit of in mag gaan  
Hy, Israels ontfermer, / is ewig jou beskermmer.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;  
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;  
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

**Amen.**

Ds Coen Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
4 Januarie 2015